# 45 BOUBLOKKE


01. Sy verhouding en kommunikasie met **jou** is vir God belangrik
02. God het 'n spesifieke plan en doel … Hy bring dit tot uitvoer
03. My motief om Hom te dien berus daarop dat Hy GOD is
04. Gelowiges (die Kerk) is God se mense
05. Christus as Hoof van sy Kerk is meer as net 'n belydenis
06. God het 'n besondere plan met jou lewe
07. Die Plan staan op 2 pilare – Jesus se versoening en die bekendmaking daarvan
08. Sending begin by God en is sy werk – ook deur sy Kerk
09. God is 'n missionêre God
10. God gebruik sy mense om sy seën na die nasies uit te dra – ook vandag
11. Sonder die Heilige Gees is geen transformasie moontlik nie
12. Die andersheid van gelowiges word gesien in heilige lewens
13. God gebruik die verskeidenheid wat Hy geskape het tot voordeel van sy Koninkryk
14. Die Heilige Gees gee die krag om te getuig en sorg vir die resultate
15. Die Heilige Gees gee die gawes wat ons nodig het om 'n verskil te maak
16. Gebed is om met God te praat … en Hom toe te laat om met jou te praat
17. Deur gebed laat God ons toe om 'n intieme liefdesverhouding met Hom te hê
18. God het jou gemaak om Hom te verteenwoordig en sy beeld uit te dra
19. God gebruik biddende mense om sy wil in die wêreld uit te voer
20. Gebed is een van die belangrikste hoekstene vir getuienis
21. Die Lewende God is 'n kommunikerende Wese
22. Die Heilige Gees maak ons sensitief vir God se kommunikasie
23. Verskilmakers is ontvanklik vir die verskillende maniere waarop die Here met hulle praat
24. Om die Here voortdurend nuut en vars te hoor is nie eenvoudig nie …
25. Verskilmakers staan in 'n lewende verhouding met God en hoor sy stem
26. Visie is God se plan in woorde
27. God het 'n spesifieke unieke plan vir elke gelowige en gemeente
28. God se plan vir en deur ons is nie 'n geheime plan nie
29. As die gemeente nie haar bestaansdoel verstaan en uitleef nie verloën sy haar aard en karakter
30. Die missionele karakter van die gemeente deurdrenk haar hele wese
31. God se Koninkryk is omvattend en moet ons hele bestaan insluit
32. God is die groot Koning van hierdie dinamiese en radikale Koninkryk
33. Kinders van God is Koningskinders wat Hom met vreugde en oorgawe dien

34. God bou sy Koninkryk deur numeriese groei en wek by ons 'n hunkering daarna
35. Ware groei is die resultaat van die "Missio Dei" (God se sending in sy wêreld)
36. Die geheim van 'n verskilmakende gemeente is leierskap
37. Geestelike leiers hoor, doen, dien en bemagtig
38. Dit word nie toevallig die evangelie van liefde genoem nie
39. Ons kan nie die boodskap van versoening verkondig terwyl ons niks aan gebroke verhoudings doen nie
40. God verwag van ons om gebroke verhoudings te herstel
41. Deur Godgegewe strategieë word 'n Godgegewe visie waar
42. Verskilmakers leef wat hulle bely
43. Dissipelskap is meer as woorde – dis 'n leefstyl
44. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook!"
45. Jy is 'n verskilmaker in God se wêreld!

***WENK: Jy kan hierdie 45 boublokke deel maak van jou gebede vir die volgende 45 dae. Hoekom bid jy nie elke dag weer oor net <u>een</u> van hierdie boublokke nie.***

# DIE MODEL IN 'N NEUTEDOP


FIGUUR 01




Jesus Christus is die Hoof van sy Kerk. Die Kerk bestaan uit mense wat deur Hom geregverdig is en wat op 'n besonder intieme wyse aan Hom verbonde is.

**Jesus die Hoof**
**Verbonde**
**Gemeente is mense**

FIGUUR 02




Die feit dat die kerk geroep word om 'n verskil te maak is nie die teologiese inisiatief van 'n paar sendelinge of kerkleiers nie. Nee, dit is gebou op die fondament van die Bybel. Die Kerk kan geen ander bron aanvaar as die onfeilbare Woord van die lewende God nie. Saam met die hervormers roep ons – "Sola Scriptura"!

**Bybel as fondament van die gemeente se missionele mandaat**


FIGUUR 03




Die gemeente wat 'n verskil maak, waardeer en benut 'n verskeidenheid van spiritualiteite. Deur die handhawing van 'n gebalanseerde benadering tot **spiritualiteit bid** hulle, **luister** hulle en **verstaan** hulle **God se wil** vir sy gemeente. Hulle groei in heiligmaking en as toegewyde dissipels van Jesus.


**Bid**
**Hoor God se stem**
**Ken sy wil**
**Groei in toewyding**

FIGUUR 04




Die verskilmakende gemeente ervaar 'n groeiende, intieme verhouding met sy Hoof. Daarom bestaan daar effektiewe kommunikasie tussen Christus en sy gemeente.Elke gemeente het 'n unieke mandaat, funksie en rol in God se Koninkryksplan wat as **visie** geverbaliseer moet word. Entoesiasme, fokus en sin is gefundeer in 'n effektief gekommunikeerde, Godgegewe visie.

FIGUUR 05





Die aard en **karakter** van Jesus se liggaam, die Kerk, is **missioneel**. Dit kan ook nie anders nie, want God is 'n uitreikende God – 'n missionêre God. Die Kerk is dan ook die produk van God se uitreik – die ***"Missio Dei"***. Hierdie verskilmakende karakter van die gemeente omring haar en is byna soos 'n "vel" rondom die gemeente. As die gemeente nie na buite leef en 'n verskil maak nie verloën sy haar Godgegewe aard en karakter!

FIGUUR 06




Die gemeente met 'n verskil, leef **Koninkryksgerig**. Hulle leef vir en getuig van die Koning van die Koninkryk. As hulle na die wêreld kyk, leef die begeerte in hul harte – "Laat u Koninkryk kom!" Hulle besef hulle kan nie die Koninkryk laat groei nie, dit doen die Koning, maar hulle weet hulle vertoon aan 'n wêreld sonder hoop, iets van dié Koninkryk.

FIGUUR 07





Die gemeente wat 'n verskil maak, leef met 'n hunkering en begeerte wat diep gewortel is in die hele Ou en Nuwe Testament – 'n hunkering na numeriese **groei**. Dit is 'n begeerte dat meer en meer mense tot geloof sal kom; uit die duisternis na die wonderbare Lig sal kom; dat meer mense hul knieë sal buig en met hul tonge sal bely dat Jesus die Here is!

FIGUUR 08





Visionêre en dienende **leiers** staan in 'n besondere verhouding tussen Jesus, die Hoof, en sy gemeente. Hulle moet in 'n intieme verhouding met God leef, hulle moet veral sy stem hoor, hulle moet die gemeente, na aanleiding van God se doel met hulle, kan begeester, rig en bemagtig om God se Plan uit te voer. Hulle self, moet by uitstek verskilmakers wees!

FIGUUR 09





Die verskilmakende gemeente neem verhoudings ernstig op. Hulle verseker dat gebroke verhoudings (persoonlik en korporatief) nie gekoester of geïgnoreer word nie. Hulle weet dat die liefdesgebod nie net 'n mooi belydenis is nie; hulle leef doelbewus daarvolgens. Hulle demonstreer by uitstek hoe 'n liefdesgemeenskap na binne en buite funksioneer. Positiewe **verhoudings** omkring die gemeente; dit vertoon iets van die gemeente se beeld en getuienis na buite.

FIGUUR 10





Al sou die verskilmakende gemeente al die besondere eienskappe wat tot nou toe geïllustreer is vertoon, sal dit geen verskil maak as dit nie in praktyk omgesit kan word nie. Dit gebeur deur middel van effektiewe, dinamiese **strategiese** en **operasionele bestuur.** Hierdeur word die visie verwesenlik en word die missionele karakter van die gemeente vertaal in praktiese uitkomste. Visie lei tot strategieë en strategieë tot operasionele planne.

FIGUUR 11




Operasionele planne loop uit op **praktiese uitkomste** wat 'n verskil in die wêreld maak. As die gemeente nie daarin slaag om lig te bring, sout te wees en die *"status quo"* te verander nie, kan sy beswaarlik kwalifiseer as 'n verskilmakende gemeente. God roep sy mense, sedert die vroegste tye om tot seën van ander te wees – om sy transformasie-agente te wees, hoop te bring in 'n wêreld wat verstik in die besoedeling van hooploosheid.


CHRISTUS
Hoof van sy Kerk
spiritualiteit
visie
leierskap
missionele
GEMEENTE
fundeer op Skrif
karakter
verhoudings
strategiese bestuur
strategiese bestuur
Koninkryks-perspektief
Koninkryks-perspektief
groei
groei
operasionele bestuur
operasionele bestuur
praktiese uitkomste

# EK HET 'N DROOM ...

*Op 1 Januarie 2001 dink ek oor die Kerk. My gedagtes en emosies raak so oorweldigend dat ek 'n pen en papier gryp en dit probeer verwoord. Later word my poging deel van 'n persoonlike nuusbrief aan my ondersteuners en word dit opgeneem as deel van 'n sendingradioprogram. 'n Belgiese gemeenteleier vertaal dit in Vlaams en versprei dit onder evangeliese Christene, terwyl leraarvriende in Suid-Afrika die inhoud in preke gebruik. Ek noem dit* ***Ek het 'n droom …*** *en glo dat dit 'n sinvolle omega-punt vir hierdie boek sal wees.*

Dis amper asof ek uit my middagslapie wakker word om op 'n ander manier verder te droom …

Miskien is die voortdroom iets wat makliker gebeur wanneer dit Nuwejaar is. Miskien is die oorsaak die voortdurende gewonder waaroor alles in die lewe nou eintlik gaan; waarom ek 'n sendeling is; waarom ek steeds doen wat ek doen. Dit kan ook wees dat my kriewelrigheid en ongemaklikheid wanneer dinge te stadig na my sin verloop die oorsaak van hierdie gedagtes is; dalk is dit waarom ek my opstandig begin teësit as dit voel asof ons momentum verloor. Maar, dan besef ek, dis eintlik eenvoudig: Op 'n manier is dit die bekende sin uit Martin Luther King se toespraak wat in my kop, hart en wese ronddraai – ek het ook 'n droom, dis die ding …

Dit voel vir my asof die droom met die Koninkryk te doen het …

Dis 'n droom van gemeentes wat verstaan wat dit beteken om Gemeente te wees – om letterlik God se mense te wees, want dis wat gemeente eintlik beteken. Ek droom van mense wat verstaan dat hulle vrygekoop is met die kosbaarste betaalmiddel – sy bloed, mense wat verstaan dat die eiendomsreg oor hulle lewens oorgegaan het na 'n nuwe Eienaar.

Dit gaan oor gemeentes wat eredienste beleef as loffeeste waar sy Naam en eer verkondig word. Hulle beleef die erediens as die week se *"marching orders"*. Daar gaan gesprekke na die lofdiens nie oor gister se rugbyuitslae nie; nie oor die wedstryd nie, maar oor gisteraand se uitreiking na mense in nood, hierdie week se planne om sy lof te verkondig, oor hoe en waar ons 'n verskil kan maak. Daar word nie saamgeskinder oor netnou se preek nie, maar eerder nabetragting gehou oor hoe die preek van my lewe die afgelope week afgegaan het. Hulle wonder nie wat gebeur met die kos in die oond nie, maar eerder oor waar ons netnou saam gaan uitreik na hulle sonder kos – met Brood en brood! Hier is die erediens 'n feestelik entoesiastiese herbevestiging dat ek wil volg en dien, dat niks anders voorrang het behalwe sy eer en lof nie.

# EK HET 'N DROOM ...

Ek droom oor gemeentes wat dinamies oor grense na mekaar uitreik, mekaar bemoedig, versterk, deel in mekaar se nood en vreugde. Dit is gemeentes wat waarlik gemeentes-sonder-grense geword het, wat eerlik opgewonde raak oor mekaar se projekte en daarvoor onderling bid – nie selfvoldaan giggel oor mekaar se mislukkings nie. Ek droom oor gemeentes wat nie stilweg lekkerkry wanneer ander se getalle afneem nie; wat nie ewe selfvoldaan mekaar beskinder, beswadder, verdag maak en met vlymskerp en bose venyn die Koninkryk verskeur en verrinneweer nie.

My droom is van gemeentes wat die realiteit van lyding en swaarkry nie sal weg-vergeestelik nie, maar eerder na mekaar sal uitreik, laste saam sal dra, nood sal deel, en bid vir dié van ons wat in nood en vervolging moet buk, buig en ly omdat ons Hom volg … gemeentes wat wakkerskrik uit winterslape van onkundigheid – wat relevant en pro-aktief in sy liefde transformasie-agente in die wêreld word.

Die droom is van gemeentes wat borrel met energie, wat biddend planne maak om kerk te wees daar waar Hy nie gedien word nie. Hierdie gemeentelede kla nie oor hoe swak hulle gedien word nie, maar waardeer dat hulle toegewyd toegerus word om te dien deur gebed, deur uit te reik en deur te gee van dit wat hulle het. Vir hulle is geen prys te groot om te betaal vir die voortgang van die Goeie Nuus nie.

In hierdie droom het ekself eerder net een huis, en die strandhuis se geld word in huisvesting vir sendelinge geïnvesteer. Hierdie is 'n droom waar ekself liewer met 'n kort-kort-breek voertuig op teerpaaie en strate werk toe sukkel en toelaat dat sendelinge met betroubare 4x4's oor ruwe terreine die onbereiktes bereik. Ek staan liewer een van my selfone af sodat 'n sendeling in 'n afgeleë gebied net soms met sy familie kan kommunikeer om te verhoed dat die verterende effek van isolasie sy wegwees nog moeiliker maak. Ek sal eerder minder eet en drink, sodat die hongeriges wel een maal per dag kan eet. Ek koop minder tydskrifte en sorg dat die vervolgde Christene in China nie nodig sal hê om klein flenter stukkies van 'n Bybel oor te skryf om net iets van die Woord te kan hê nie. My droom maak selfgerigte spekulasie oor die ekonomie, goudprys en beleggingsportefeuljes irrelevant teen die agtergrond van duisende werkers wat ongeduldig op ondersteuning wag om met die evangelie die wêreld in te gaan.

EK HET 'N DROOM ...

In hierdie droom deel gelowiges mekaar se nood en hartseer. Hier is die kerk regtig Kerk. In die droom is Christus die Hoof van sy kerk en is geestelike leiers nie besig om te manipuleer en eersugtig sy posisie te probeer skaak nie. Hulle is eerder besig om te bemoedig, te versterk, toe te rus, te begelei, entoesiasme uit te stort en die kerk te rig tot groter eer van God. Hier is elke lidmaat waarlik priester, profeet en koning. Hier redeneer mense nie oor sendingbetrokkenheid nie, en word die holrug, selfsug gekamoefleerde redenasies nie meer gevoer oor sending hier of daar ver nie. Hier word misleidende en boosheid besprinkelde uitsprake nie gemaak om geloof te ondermyn, God se eer verdag te maak en om eie publisiteitswaarde te verhoog nie.

In hierdie droom het kerklidmaatskap sy klubstatus verloor. Hier leef gelowiges nie om te ontvang nie, maar om te gee. Hier is 'n effeklose maandelikse "dank"-offer nie die lidmaatskapfooi wat doop-, lidmaatskap-, huwelik- en begrafnisvoordele waarborg nie; is die kerk 'n dinamiese dienende en bedienende gemeenskap van gelowiges wat deur die Heilige Gees se beKragtiging 'n sigbare spoor van verandering in die wêreld agterlaat. Hier is veranderde sosiale strukture, veranderde gesinstrukture, veranderde ekonomiese strukture, veranderde politieke strukture en veranderde ewigheidsbestemmings – veranderde mense.

## EK HET 'N DROOM ...

In hierdie droom word daar nie ten koste van 'n verhouding met die Here geteologiseer nie. Hier word daar nie in vae terme na een of ander veraf, onbekende, onkenbare en ge-depersonifiseerde Goddelikheid verwys nie. Hier word Hy nie vernederend die "Oubaas" of "Grootbaas-daarbo" genoem nie; word daar nie met wydswaaiende gebare vaagweg na bo gewys wanneer mense sukkel om die Naam bo alle name op hulle lippe te neem nie; word en is Hy mense se Abba-Vader. In my droom word Jesus met vrymoedigheid in elke vergadering en raadsaal van die wêreld bely.

In hierdie droom is daar nie plek vir geestelike slaapwandelaars nie. In hierdie droom sien die kerk die wêreld nie as vyandige *"hands-off"*, jammer-ek-is-hier-plek nie. Nee, die kerk tree dinamies, kragtig en beKragtig na vore as veranderingsagent in 'n wêreld wat aan God behoort. Daar is nie 'n sieklike, verwarrende dualisme tussen wat "sekulêr" en "geestelik" is nie. Hier word God ook nie verkleineer en sy eer aangetas deur voorbarige pogings om Hom te verklaar nie; is Hy nie tot my diens nie; is Hy nie daar om na my pype te dans nie; verstaan ek dat ek Hom nie deur my gebedspogings kan manipuleer nie; word ek nie ewe subtiel deur my gebedspogings God en Hy die meganistiese uitvoerder van my wense en begeertes nie; is Hy nie een of ander welwillende "wat-kan-ek-vir-jou-doen-God" nie; verstaan die Kerk dat hy nie verstaan nie, maar genoeg kan verstaan om Hom te ken.

# EK HET ’N DROOM ...

In hierdie droom is elke gemeentelid ’n gestuurde; word entoesiasties gejubel wanneer ’n standhoudende stroom van lidmate hulself gee om ander met die Goeie Nuus te bereik; word oormekaargeval om te ondersteun, te bemoedig, geestelik en emosioneel te versorg. In my nuwejaarsdroom word asemrowende groot pogings aangewend om die onbereiktes te bereik; is niemand tevrede met die *“status quo”* nie; bars die uitdyende groei van die mosterdsaad krakend deur alle beperkings – altyd groter, altyd meer, altyd verder, altyd dieper, altyd hoër …

EK HET ’N DROOM ...

# CD – 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE

01. **GENADE** *(ProChristo / Johann Botes)*
02. **NIEMAND SOOS U** *(ProChristo / Johann Botes)*
03. **NEDERIG KNIEL EK** *(ProChristo / Johann Botes)*
04. **IS JY BEREID OM TE GAAN?** *(ProChristo / Johann Botes)*
05. **ONS SING VIR U 'N LIED VAN VREUGDE** *(ProChristo / Johann Botes)*
06. **JA MY SIEL IS STIL** *(ProChristo / Johann Botes)*
07. **EK WIL DIT SÊ** *(ProChristo / Johann Botes)*
08. **ABBA VADER** *(ProChristo / Johann Botes)*
09. **KEN JY JESUS** *(ProChristo / Johann Botes)*
10. **IMMANUEL GOD REGEER** *(ProChristo / Johann Botes)*
11. **DIS AL WAT EK VRA** *(ProChristo / Johann Botes)*
12. **GOD GEE DIE NASIES** *(ProChristo / Johann Botes)*
13. **SAAIER** *(ProChristo / Johann Botes)*
14. **GEBOORTE VAN 'N VISIE** *(Anton Smith / Frans Hancke)*
15. **EK HET 'N DROOM** *(Ensie Enslin / Frans Hancke)*




Die musiek op hierdie CD kom van CD's wat deur ProChristo vrygestel is. Twee CD's met 'n versameling van 39 oorspronklike komposisies deur Johann Botes, verwerk deur Eddie Goldberg en uitgevoer deur die ProChristo-sanggroep, is op aanvraag by **diePlan** beskikbaar.

**diePLAN word ook as 'n interaktiewe werkwinkel by gemeentes aangebied. Hiertydens word die materiaal dmv interessante en prikkelende tegnieke aan deelnemers bekendgestel. Groepbesprekings lei daartoe dat hierdie eintlik 'n selfontdekkingservaring word terwyl die gebruik van moderne en innoverende hulpmiddels verseker dat hierdie nie 'n swaarwigtige, moeilik verteerbare belewenis is nie. Balans tussen erns en humor sowel as die gebruik van groeptegnieke, rolspel en groepbesprekings maak hierdie 'n onvergeetlike ervaring.**

**Kontakbesonderhede op bladsy iv.**

# OM SAAM MET JOU TE DRA

***Gebruik hierdie kaartjies wanneer jy iets wil neerskryf om dit saam met jou te dra.***

| | |
|---|---|
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |

| | |
|---|---|
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |
| 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE | 9 WEKE VAN TRANSFORMASIE |